



Kraggakamma Huisgeloof vir kleingroepe, families en stiltetyd (19-23 Oktober 2026)

AFSKOP VRAAG

As jy lekker rondry op 'n Sondagmiddag en jy op 'n onbekende plek kom en jy moet tussen twee paaie kies – die een lyk maklik en glad, maar jy weet nie waarheen dit lei nie; die ander een is moeiliker, maar jy weet waarheen dit jou gaan neem – watter een sal jy kies, en waarom? (Hierdie is sommer net 'n lekker gespreksvraag en moet nie gekoppel word aan die inhoud van die gespreksvrae nie. Dalk moet eggenote namens hul maat antwoord...)

GEBED

Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

SKRIFLESING EN TEMA

Matteus 7:13-14

Kies lewe!

GESPREKSVRAE

1. Jesus praat van twee poorte en twee paaie ens. Is dit so dat sommige mense 'n derde baie gevaarlike pad loop wat, volgens die Here, glad nie bestaan nie? (Open 3:15-16)
2. Die breë pad is maklik en gewild. Waar sien ons vandag dat mense, soms is dit ons, eerder kies wat maklik of gewild is as wat voor die Here reg is? Is dit moontlik dat mense wat inskakel by gemeente aktiwiteite op die breë pad kan wees? Gee praktiese voorbeelde.
3. Waarom is dit nie genoeg dat ons in 'n Christelike huis grootgeword het, gedoop is of gereeld erediens toe gaan nie? "As jy nog nie die Here in geloof as jou Verlosser en Here gekies het nie, is jy nog nie 'n Christen nie." Gesels hieroor.
4. Jul het dit waarskynlik reeds gedoen, maar deel weer jou getuienis van jou keuse vir die Here met die groep. Wat beteken dit vir jou prakties om gedurende 'n gewone week op Jesus se pad te loop?
5. Die smal pad vra dat ons sekere dinge agterlaat. Watter dinge in ons lewens kan dit vir ons moeilik maak om Jesus voluit te volg? Voorbeelde kan iets soos trots, selfsug, verkeerde gewoontes of die behoefte aan ander mense se goedkeuring, wees. (Luk 14:25-27)
6. Daar is baie mense op die breë pad en min op die smal pad. Hoe kan ons op die smal pad getrou aan Jesus "anders" wees sonder om veroordelend teenoor vriende, kollegas of die samelewing te wees?

AFSLUITING

Laat elkeen in die groep die geleentheid kry om hierdie sin te voltooi:

"Om hierdie week doelbewus op Jesus se smal pad te loop, gaan ek ..."

Sluit af met gebed waarin julle vir die Here vra om julle, deur die Heilige Gees, te help om Hom elke dag te kies en getrou te volg.